

**Suid-Afrikaanse Reserwebank**

**Geleentheidspublikasie no. 5**

**September 1991**

**Suid-Afrika se nasionale rekeninge, 1946 tot 1990**

**Suid-Afrika se nasionale rekeninge, 1946 tot 1990**

# Inhoudsopgawe

|   |          |   |            |
|---|----------|---|------------|
| <b>1. Inleiding .....</b>   | <b>1</b> | <b>3.2.4 Verandering in voorrade [11]</b>   |            |
| <b>2. Die Suid-Afrikaanse stelsel van nasionale rekeninge .....</b>                 | <b>2</b> | 3.2.4.1 Waardering [11]   |            |
| 2.1 Internasionale gestandaardiseerde stelsels [1]                                  |          | 3.2.4.2 Hoofbronne van gegewens en berekeningsmetodes [12]  |            |
| 2.2 Ekonomiese bedrywighede [1]   |          | 3.2.4.3 Indeling [12]   |            |
| 2.3 Klassifikasies [2]  |          | 3.2.5 Invoer en uitvoer [12]  |            |
| 2.4 Samestellende rekeninge van die stelsel van nasionale rekeninge [3]             |          | 3.3 Die dekonsolidering van bruto binnelandse inkome en produksie [BBP(I) en BBP(P)] [12]         |            |
| 2.5 Opmerkings oor die samestelling van die Suid-Afrikaanse nasionale rekeninge [3] |          | 3.4 Die inset-uitsettabel [13]  |            |
| 2.5.1 Die streek deur die rekeninge beslaan [3]                                     |          | <b>4. Nasionale inkome en aanwending, kapitaalfinansiering en rekening met die buiteland.....</b> | <b>14</b>  |
| 2.5.2 Kwartaallikse ramings en seisoens-aansuiwerings [4]                           |          | 4.1 Nasionale beskikbare inkome en die aanwending daarvan [14]                                    |            |
| 2.5.3 Tydstip van optekening [5]  |          | 4.1.1 Bruto nasionale produk [14]   |            |
| 2.5.4 Waardasie [5]   |          | 4.1.2 Samestellende rekeninge van nasionale beskikbare inkome en die aanwending daarvan [14]      |            |
| 2.5.5 Konstante pryse [5]   |          | 4.1.3 Oordragte van inkome uit eiendom tussen institusionele sektore [15]                         |            |
| 2.5.6 Verandering van die basisjaar [5]   |          | 4.1.4 Lopende oordragte sonder teenprestasie [15]   |            |
| 2.6 Hersienings [6]   |          | 4.1.5 Maatskappyrekening [16]   |            |
| <b>3. Produksierekening .....</b>   | <b>6</b> | 4.1.6 Owerheidsrekening [16]  |            |
| 3.1 Definisies en algemene beginsels [6]  |          | 4.1.7 Huishoudingsrekening [16]   |            |
| 3.1.1 Die inkomemetode [6]  |          | 4.2 Die kapitaalfinansieringsrekening [16]  |            |
| 3.1.2 Die produksiemetode [6]   |          | 4.2.1 Bruto binnelandse besparing [16]  |            |
| 3.1.3 Die uitgewemetode [6]   |          | 4.2.2 Voorsiening vir waardevermindering en die kapitaalvoorraad [17]                             |            |
| 3.2 Die onderverdeling van besteding aan die bruto binnelandse produk [BBP(B)] [7]  |          | 4.3 Die rekening met die buiteland [17]   |            |
| 3.2.1 Private verbruiksbesteding [7]  |          | <b>5. Slotopmerkings .....</b>  | <b>17</b>  |
| 3.2.1.1 Definisie [7]   |          | <b>Bylae A</b>  |            |
| 3.2.1.2 Indeling [7]  |          | Opsomming van die nasionale inkome- en produksierekeninge vir Suid-Afrika .....                   | <b>18</b>  |
| 3.2.1.3 Hoofbronne van gegewens en die metode van berekening [8]                    |          | <b>Bylae B</b>  |            |
| 3.2.1.4 Belangrike klasse van private verbruiksbesteding [8]                        |          | Statistiese bronne en berekeningsmetodes .....  | <b>22</b>  |
| 3.2.2 Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid [9]                             |          | <b>Bylae C .....</b>  |            |
| 3.2.3 Bruto binnelandse vaste investering [10]                                      |          | Inhoud: Statistiese tabelle .....   | <b>35</b>  |
| 3.2.3.1 Definisie [10]  |          | Statistiese tabelle .....   | <b>B-1</b> |
| 3.2.3.2 Indeling [10]   |          |   |            |
| 3.2.3.3 Hoofbronne van gegewens en metodes van berekening [11]                      |          |   |            |
| 3.2.3.4 Belangrike klasse van bruto binnelandse vaste investering [11]              |          |   |            |
| 3.2.3.5 Vaste investering teen konstante pryse [11]                                 |          |   |            |

Kopieë van hierdie publikasie is verkrygbaar van:

Suid-Afrikaanse Reserwebank  
Afdeling Kommunikasiedienste  
Posbus 427  
Pretoria  
0001

# Suid-Afrika se nasionale rekeninge, 1946 tot 1990\*

## 1. Inleiding

In hierdie bylae tot die *Kwartaalblad* word hersiene nasionale-rekeningegegewens vir die kalenderjare 1946 tot 1990 en vir die kalenderkwartale vanaf 1960 en daarna beskikbaar gestel. Hersienings van die gegewens het hoofsaaklik as gevolg van die selfstandigwording van die Republiek van Namibië op 21 Maart 1990 noodsaaklik geword. Die nasionale-rekeningestatistieke van die Suidwes-Afrikaanse/Namibiese ekonomie is tot en met die Junie 1990-uitgawe van die *Kwartaalblad* van die Reserwebank by die nasionale rekeninge van Suid-Afrika ingesluit. Die gebied waarop die hersiene nasionale-rekeningegegewens in hierdie bylae betrekking het, bestaan uit die Republiek van Suid-Afrika en die republieke van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei. Ander hersienings het, onder andere, voortgespruit uit die jongste resultate van die fabriekswesensus en hersiene gegewens van die openbare sektor, ander meer gefinaliseerde en jonger gegewens en kleiner aanpassings wat ter wille van statistiese eenvormigheid aangebring is.

Die bronne van inligting en die metodes wat in die samestelling van die nasionale-rekeningestatistieke gebruik is, word betreklik omvattend in hierdie bylae beskryf ten einde die interpretasie van die gegewens te vergemaklik. In Afdeling 2 word die Suid-Afrikaanse stelsel van nasionale rekeninge kortliks beskryf en dit word in Afdeling 3 gevolg deur 'n kort beskrywing van die produksierekening. In Afdeling 4 word die nasionale inkom- en verdelingsrekening, die kapitaalfinansieringsrekening en die rekening met die buiteland verduidelik. Bylae A som op 'n sistematiese wyse die nasionale inkom- en produksierekeninge vir die jaar 1990 op. Bylae B verskaf 'n beskrywing van die belangrikste inligtingsbronne en berekeningsmetodes. Bylae C bevat die hersiene jaarlikse en kwartaallike nasionale rekeninge waarna reeds verwys is.

## 2. Die Suid-Afrikaanse stelsel van nasionale rekeninge

### 2.1 Internasionale gestandaardiseerde stelsels

Daar is twee internasionaal erkende stelsels vir die samestelling van makro-ekonomiese rekeninge. Hulle is die *System of National Accounts* (SNA) van

die Verenigde Volke-organisasie vir markgerigte ekonomiese stelsels en die *System of Material Product Balances* (MPS) wat deur die Raad van Onderlinge Ekonomiese Samewerking ontwikkel is vir die lande met sentraal-beplande ekonomiese stelsels.

Die eerste handleiding vir 'n stelsel van nasionale rekeninge is in 1952 deur die Verenigde Volke-organisasie gepubliseer. Hierdie handleiding is daarna verbeter en uitgebrei en die gewysigde weergawe van die nou bekende *System of National Accounts* (SNA) is in 1968 vrygestel. Die SNA beskryf metodes, klassifikasies en reëls wat internasionale aanvaarding geniet vir die samestelling van makro-ekonomiese rekeninge vir die markgerigte ekonomieë. Die oorspronklike SNA<sup>1</sup> is met geringe wysigings nog steeds die hoeksteen vir die samestelling van nasionale rekeninge in alle Westerse lande. Verdere hersienings word in die vooruitsig gestel en 'n nuwe uitgawe sal binne afsienbare tyd vrygestel word. Geen ingrypende veranderings word egter verwag nie.

### 2.2 Ekonomiese bedrywighede

Die samestelling van makro-ekonomiese rekeninge vereis dat die begrip ekonomiese bedrywigheid gedefinieer word. Alle bedrywighede wat lei tot die produksie van goedere en dienste deur die moderne en die informele private sektore, openbare korporasies en owerheidsondernemings en wat vir verhandeling op markte bestem is, word as ekonomiese bedrywighede gereken. Die regering se bedrywighede op die gebied van openbare administrasie, die handhawing van wet en orde, en die voorsiening van gesondheids-, onderwys- en maatskaplike dienste word ook as ekonomiese bedrywighede gereken selfs al word die produkte van hierdie bedrywighede nie op enige markte verhandel nie. Die bedrywighede van nie-winssoekende organisasies wat nie tot marktransaksies aanleiding gee nie, soos die voorsiening van maatskaplike dienste, die bedrywighede van sportklubs en die verskaffing van private opvoedkundige dienste, maak ook 'n deel van ekonomiese bedrywighede uit.

Heelwat probleemgevalle is reeds deur die SNA opgelos. Tans beveel die SNA aan dat die bedrywighede van produsente wat nie tot marktransaksies lei nie, by die nasionale rekeninge ingesluit word indien dit soortgelyk is aan ander

\* Hierdie bylae is saamgestel deur mnre J. van Dyk en J.W. Prinsloo. Die statistiese tabelle is voorberei onder die toesig van mnr J.W. Prinsloo en met die waardevolle bystand van mnre A.J.H. Casteleijn, H. Smith, H. Wagner, M.J. Bruwer, L.R. Myburgh en mev C.J. van der Dussen van die Afdeling Nasionale Rekeninge van die Reserwebank se Departement Ekonomie. Kommentaar deur en bystand verleen deur mnr G. Mills en sy persoonel by die Sentrale Statistiekdiens word met dank erken.

<sup>1</sup> Die SNA word aangevul deur 'n aantal ander handboeke en handleidings. Die belangrikste hiervan is vrygestel deur die Verenigde Volke-organisasie naamlik:

- *Input-Output Structure* (1973);
- *National Accounts at Constant Prices* (1979);
- *Accounting for Production: Sources and Methods* (1986);
- *Public Sector Accounts* (1988); en
- deur die Internasionale Monetêre Fonds:
- *Balance of Payments Manual* (1977);
- *Government Finance Statistics* (1986).

**Tabel 1****Nasionale rekeninge: Indeling van ekonomiese bedrywighede**

| Soort ekonomiese bedrywighede   | Hoofrekeninge van ekonomiese bedrywighede   |
|---|---|
| Produksie<br>Verbruik<br>Akkumulasie<br>Transaksies met die buiteland | Bruto binnelandse produk- en bestedingsrekening.<br>Nasionale beskikbare inkome en verdeling<br>Kapitaalfinansieringsrekening<br><br>Rekening met die buiteland |

**Tabel 2**
**Indeling van deelnemers aan die ekonomiese proses:**  
**Indeling van transaksies volgens produksie en verbruik**

| Produksie<br>Ondernemings  | Verbruik en akkumulasie<br>Instellingseenhede (sektore)  |
|--|--|
| <b>1. Nywerhede (finansieel en nie-finansieel)</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Geïnkorporeerde sakeondernemings:               <ul style="list-style-type: none"> <li>Openbare maatskappye</li> <li>Private maatskappye</li> <li>Beslote korporasies</li> <li>Openbare korporasies</li> </ul> </li> <li>• Nie-geïnkorporeerde sakeondernemings:               <ul style="list-style-type: none"> <li>Vennootskappe</li> <li>Alleeneienaars</li> <li>Bedrywighede van huishoudings vir eie rekening (insluitend eienaarbewoonde wooneenhede)</li> </ul> </li> <li>• Sakeondernemings van die algemene owerheid (bv. Transnet en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese)</li> </ul> | <b>1. Geïnkorporeerde ondernemings (maatskappyrekening)</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Openbare maatskappye</li> <li>• Private maatskappye</li> <li>• Beslote korporasies</li> <li>• Openbare korporasies</li> <li>• Finansiële instellings</li> </ul>   |
| <b>2. Verskaffers van owerheidsdienste</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sentrale owerheid:               <ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene afdelings</li> <li>Buite-begrotingsfondse</li> <li>Nasionale state</li> <li>TBVC-lande</li> </ul> </li> <li>• Provinsiale administrasies</li> <li>• Plaaslike owerhede</li> </ul>   | <b>2. Algemene owerheid (owerheidsrekening)</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Staatsdepartemente</li> <li>• Buitebegrotingsagentskappe</li> <li>• Nasionale state</li> <li>• TBVC-lande</li> <li>• Provinsiale administrasies</li> <li>• Plaaslike owerhede</li> <li>• Staatsnywerhede (nie-finansieel)</li> <li>• Finansiële instellings van die owerheid</li> </ul> |
| <b>3. Private nie-winssoekende dienste (bv. sportklubs en kerke)</b>   | <b>3. Huishoudings (persoonlike rekening)</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Private nie-winssoekende instellings</li> <li>• Nie-geïnkorporeerde ondernemings en informele bedrywighede</li> <li>• Huishoudings as verbruikers</li> </ul>  |
| <b>4. Huishoudings as produsente (bv. huishulpe)</b>   |  |

bedrywighede wat tot goedere en dienste lei wat wel in die mark van die hand gesit word. Voorbeelde van sulke bedrywighede is die oprigting van geboue deur huishoudings en ondernemings vir hul eie gebruik, die produksie van oeste en ander landbougoedere vir verbruik op plase en die dienste verkry uit eienaar-bewoonde wooneenhede.

Onbetaalde dienste gelewer deur huisvroue en ander lede van huishoudings word egter uitgesluit.

### 2.3 Klassifikasies

'n Stel nasionale rekeninge maak voorsiening vir 'n omvattende en gedetailleerde optekening van produksie, inkome, besteding en finansiële vloei-

groothede en van voorrade, vaste kapitaalgoedere en van handelsvoorrade op 'n sistematiese en konsekwente wyse.

*Vloei*groothede word ingedeel in vier klasse en word aangeteken in vier hoof- of kernrekeninge, terwyl voorrade in 'n gekonsolideerde balansstaat vir die land aangebied word.

Die vloei in hierdie rekeninge is gegrond op die beginsels van die dubbelinskrywingboekhouding. Elke transaksie verskyn een keer in die rekening van die betaler en een keer in die rekening van die ontvanger van die betrokke betaling.

Die inskrywings in die vier hoofrekeninge verteenwoordig die totale van 'n aansienlike aantal individuele transaksies. 'n Verdeling van hierdie totale veroorsaak dat subtotale verkry kan word vir verskillende soorte transaksies, verskillende soorte deelnemers aan die ekonomiese proses en verskillende soorte ekonomiese bedrywighede.

Die groepering van deelnemers aan die ekonomiese proses volg in die algemeen twee benaderings. Eerstens word deelnemers geklassifiseer volgens die algemene aard van hul bedrywighede, wat óf produksie óf verbruik en akkumulatie (of besparing) behels - kyk tabel 2. Tweedens, in 'n verdere indeling, word deelnemers ingedeel volgens die soorte van goedere geproduseer of dienste gelewer - kyk tabel 3. 'n Riglyn vir so 'n indeling word deur die Standaard Nywerheidsklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywighede<sup>2</sup> gebied. Die indeling van deelnemers volgens die produksiebenadering word gedoen in ooreenstemming met die gedragsreëls van die produsente-eenhede. Deelnemers word ook ingedeel na gelang hulle winssoekend of nie-winssoekend is, private of owerheidsgoedere en -dienste produseer, en of hulle geïnkorporeerd is of nie-geïnkorporeerd is nie.

Die indeling van deelnemers volgens die verbruiks- en akkumulatiebenadering het te doen met die bron en aanwending van inkome, die finansiering van kapitaalbesteding, die akkumulatie en finansiering van kapitaal, en met balansstate.

Ander indelings wat in die stelsel van nasionale rekeninge gemaak word, is onder andere private verbruik volgens doel en volgens die soort besteding, owerheidsverbruik volgens funksies verrig, en vaste investering volgens die soort bate. Die sogenaamde "hoofindelings" word weer op hulle beurt ingedeel in "afdelings", "hoofgroepe" en "subgroepe".

## 2.4 Samestellende rekeninge van die stelsel van nasionale rekeninge

Tabel 4 bied 'n oorsig van die stelsel van nasionale rekeninge en toon die belangrikste samestellende rekeninge en tabelle.

<sup>2</sup> Sentrale Statistiekdiens, *Standaard Nywerheidsklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywighede*, (vierde uitgawe), Pretoria, 1988.

**Tabel 3**

**Indeling van transaksies volgens soort goedere geproduseer of dienste gelewer**

**Standaard nywerheidsklassifikasie van alle ekonomiese bedrywighede (SNK)**

|  |
|--|
| <b>1. Primêr</b>   |
| 1.1 Landbou, jag, bosbou en vissery                            |
| 1.2 Mynbou en steengroewery                                    |
| <b>2. Sekondêr</b>   |
| 2.1 Fabriekswese   |
| 2.2 Elektrisiteit, gas en water                                |
| 2.3 Konstruksie  |
| <b>3. Tersêr</b>   |
| 3.1 Groot- en kleinhandel, verversings- en akkommodasiedienste |
| 3.2 Vervoer, opberging en kommunikasie                         |
| 3.3 Finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste       |
| 3.4 Gemeenskaps- maatskaplike en persoonlike dienste           |

Die *bruto binnelandse produk- en bestedingsrekening* is 'n gekonsolideerde rekening van die produksie van goedere en dienste en van die besteding aan goedere en dienste.

Die *nasionale beskikbare inkome en verdelingsrekening* konsolideer die inkome en besteding van die persoonlike of huishoudingsektor, die korporatiewe sektor en die owerheidsektor.

Die *kapitaalfinansieringsrekening* is 'n gekonsolideerde rekening van bruto en netto vaste kapitaaluitgawes, veranderings in voorrade en die finansiering van bruto investeringsuitgawes.

In die rekening met die buiteland word al die handels- en dienstetransaksies met die res van die wêreld en die kapitaalbewegings oor die landsgrense opgeteken.

Die *gekonsolideerde balansstaat* is tot nog toe nie vir Suid-Afrika beskikbaar nie, maar samestellende dele daarvan soos die vaste kapitaalvoorraad en die buitelandse bates en laste is reeds bereken.

## 2.5 Opmerkings oor die samestelling van die Suid-Afrikaanse nasionale rekeninge

'n Aantal algemene praktyke word in die samestelling van die Suid-Afrikaanse nasionale rekeninge gevolg.

### 2.5.1 Die streek deur die rekeninge beslaan

Die streek waarop die nasionale rekeninge van Suid-Afrika van toepassing is, staan bekend as die SATBVC-streek en bevat die republieke van Suid-Afrika (insluitende die ses selfregerende nasionale state), Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei.

**Tabel 4**

**Struktuur van die stelsel van nasionale rekeninge in Suid-Afrika**

| Tipe rekening                 | Gekonsolideerde rekening                     | Rekeninge en tabelle   |   |  |
|-------------------------------|--|--|---|--|
| Produksie                     | Bruto binnelandse produk en besteding        | Produksie:   |   |  |
|                               |  | Bruto binnelandse produk volgens soort ekonomiese bedrywigheid   | Inset-uitetabelle                         | Bruto binnelandse produk volgens streke                    |
| Verbruik                      | Nasionale beskikbare inkomme en sy verdeling | Besteding:   |   |  |
|                               |  | Verbruik   | Investerings                              | Uitvoer en invoer  |
|                               |  | Persoonlike inkomme- en uitgawerekening                          | Tabelle m.b.t. private verbruiksbesteding | Sosiale-rekeninge-matriks (SRM's)                          |
|                               |  | Lopende inkomme en uitgawe van geïnkorporeerde sake-ondernemings |   |  |
| Akkumulasie                   | Kapitaal finansierings-rekening              | Lopende inkomme en uitgawe van die algemene owerheid             | Openbare-sektor-rekeninge (OSR)           | Ekonomiese indeling  |
|                               |  |  |   | Funksionele indeling                                       |
|                               |  |  |   | Indeling volgens die vlak van owerheid                     |
|                               |  | Bruto binnelandse vaste investering                              |   | Vaste kapitaalvoorraad volgens sektor en volgens tipe bate |
| Buiteland                     | Eksterne rekening                            | Veranderinge in voorrade   | Bruto en netto binnelandse investering    | Nasionale finansiële rekeninge                             |
|                               |  | Betalingsbalans en aanvullende tabelle                           |   | Buitelandse bates en laste                                 |
| Die rykdom van die gemeenskap | Gekonsolideerde balansstaat                  | Sektorale balansstate  |   |  |

Veranderings in die internasionale status van gebiede binne hierdie geografiese gebied (byvoorbeeld die verkryging van onafhanklikheid deur Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland) het gepaard gegaan met hersienings van die historiese gegewens ten einde 'n konsekwente tydreeks van nasionale rekeninge te verseker. Waar *institusionele* veranderings egter voorkom (soos die privatisering van Sasol en Yskor), word so 'n verandering in status (van openbare korporasie na 'n onderneming in die private sektor) slegs in die gegewens weerspieël vanaf die datum wanneer so 'n verandering in werking getree het.

### 2.5.2 Kwartaallike ramings en seisoens-aansuiweringe

In die samestelling en ontleding van die kwartaallike ramings is dit belangrik om daarop te let dat die meeste van die nasionale-rekeningereekse 'n besliste seisoenspatroon toon.

Seisoenskommelings in die nasionale rekeninge spruit voort uit faktore en gebeurtenisse wat reëlmatig en meesal op redelik vasgestelde tye of met redelik vaste tydsverloop in die loop van die opeenvolgende kalenderjare voorkom. Voorbeelde van sulke reëlmatig herhalende jaarlikse gebeurtenisse

is die seisoensveranderings in die weersgesteldheid, openbare vakansiedae, feesdae, seisoenale en skoolvakansies. Hierdie gebeure gaan normaalweg gepaard met veranderings in mense se produksie- en verbruiksgewoontes. Seisoenale invloed in die nasionale-rekeningetydreeks moet uitgeskakel word om die "basiese" of "onderliggende" neigings in hierdie gegewens na vore te bring. In die gepubliseerde Suid-Afrikaanse nasionale-rekeningestatistieke word seisoensveranderings derhalwe so noukeurig as moontlik uit die basiese gegewens verwyder.

Die seisoensaansuiwering van tydreeks word bemoeilik deur die feit dat eerstens seisoensfaktore gewoonlik nie met volkome reëlmatigheid en onveranderlike absolute of relatiewe sterkte van jaar tot jaar herhaal word nie. Tweedens kan die patrone van seisoensveranderings self met verloop van tyd verskuiwings toon. Onder die oorsake van seisoenskommelings wat nie aan menslike toedoen toegeskryf kan word nie, is die seisoenale verandering in byvoorbeeld die weersgesteldheid - soos die begin van die somerreëns of winterry - aan "willekeurige" en taamlik groot en grootliks onvoorspelbare skommelings van jaar tot jaar onderhewig. Dit kan, byvoorbeeld, veroorsaak dat die insameling

van die Suid-Afrikaanse miellie-oes skuif vanaf "vroeg" (dit wil sê hoofsaaklik in die tweede kwartaal) van een kalenderjaar, tot "laat" (dit wil sê hoofsaaklik na die derde kwartaal) van die jaar.

Onder die oorsake van seisoenskommeling wat uit menslike optrede voortspruit, tel nuwe openbare vakansiedae wat afgekondig word of nuwe skoolvakansietermynne wat ingestel word. Veranderinge in gebruike en gewoontes (of in wetgewing) kan lei tot nuwe seisoenspatrone, of selfs volkome nuwe onderliggende seisoenskrigte (soos 'n gereelde jaarlikse tydperk van loononderhandelings, wat ook 'n tydperk van meer werkstakinge en wegbly-aksies kan wees). Gedurende die afgelope drie jaar vanaf 1988 is ondervind dat die seisoenspatroon van owerheidsbesteding weg beweeg het van buitengewone groot besteding in die eerste kwartaal van elke kalenderjaar (dit wil sê, in die laaste kwartaal van elke fiskale jaar) en sterk verminderde besteding in die tweede kwartaal, na buitengewone groot besteding in die tweede kwartaal. Omdat die aansuiwering vir seisoenskommelings selfs onder sulke omstandighede nodig is, het statistici gedurende die betrokke oorgangstydperke geen keuse nie as om die aansuiwerings te maak volgens hul beoordeling van die mate van verskuiwing in die seisoenspatroon wat reeds plaasgevind het, terwyl daar gewag word op 'n meer stabiele en bewese patroon om onmiskenbaar na vore te kom. In die geval van die insameling van landbou-oeste word twee afsonderlike stelle seisoensaansuiweringsfaktore vir "vroee" en "laat" oeste bereken.

### 2.5.3 Tydstip van optekening

Transaksies word normaalweg te boek gestel wanneer die aankope gedoen en wettige besit van die artikel geneem word ongeag of daar enige verdrag met die betaling vir of lewering van die bedoelde goedere of dienste is. In die geval van *huurkooppreelings* word aanvaar dat die aankoop van die bedoelde artikel plaasgevind het toe die huurkooppooreenkoms onderteken is.

Wanneer *masjinerie en toerusting op bestelling vervaardig word*, word aanvaar dat die finale koper besit neem van die bedoelde goedere wanneer die vervaardiging daarvan voltooi is. "Vorderingsbetalings" ten opsigte van bestellings wat nog in die proses van voltooiing is, word in die kapitaalfinansieringsrekening te boek gestel as voorskotte aan die vervaardigers. In die geval van die *oprigting van geboue en ander konstruksiewerke* word egter aanvaar dat die kopers gaandeweg besit neem namate die werk vorder tot en met die finale afhandeling van die gebou of konstruksieprojek in sy geheel.

Die produksie van goud word as die uitvoer van goud opgeteken op die tydstip van produksie.

### 2.5.4 Waardasie

Goedere en dienste word gewaardeer teen koperspryse wat vervoer- en installeringskoste en indirekte belastinge min subsidieë insluit, maar met die uitsluiting van die betaling van rente op verbruikers- of ander skuld wat moontlik aangegaan is vir die finansiering van die betrokke aankoop. Gekapitaliseerde rente word nie by die waarde van kapitaalvorming ingesluit nie. Rente is egter 'n deel van die inkomste uit eiendom.

Die samestelling van die nasionale rekeninge op die grondslag van verkryging van eienaarskap (dit wil sê die aanname dat transaksies opgeteken word wanneer die betrokke aankope gedoen word) en teen koperspryse, gee aanleiding tot enkele praktiese probleme omdat transaksies gewoonlik op 'n kontantgrondslag gewaardeer word en belastinguitgawes nie 'n deel van die nasionale rekeninge uitmaak nie.

### 2.5.5 Konstante pryse

Die jaarlikse en kwartaallike samestelling van nasionale-rekeningegegewens bring mee dat tydreekse vir elke onderdeel van die stelsel tot stand kom. Waargenome verandering (toenames of afnames) in die tydreekse kan veranderinge in hoeveelhede sowel as in pryse weerspieël. Ten einde onderskeid te tref tussen veranderinge in pryse en veranderinge in hoeveelhede word *alle bewegings op die produksierekening teen sowel heersende as konstante pryse bereken*.

Twee alternatiewe benaderings word gevolg om reekse teen konstante pryse saam te stel. Die direkte benadering is om waardes in die basisjaar met behulp van aanwysers van hoeveelhede (die fisiese omvang van produksie of die hoeveelheid van verkope) te ekstrapoleer. Die *indirekte defleringsbenadering* is om die tydreeks teen heersende pryse deur 'n toepaslike prysindeks te deel.

### 2.5.6 Verandering van die basisjaar

Die tydreekse teen konstante pryse met nuwe basisjaarpryse en -gewigte word ongeveer elke vyf jaar herbereken. In Suid-Afrika is die reekse op verskillende tydstippe teen konstante 1963-, 1970-, 1975-, 1980- en 1985-pryse en -gewigte bereken. Gereelde wysigings van die basisjaar word genoodsaak deur veranderinge in relatiewe pryse en in die "struktuur" van die ekonomie wat voortdurend plaasvind. Ten einde voorheen berekende groeiakoerse van aanwysers van hoeveelhede nie tydens die oorskakeling na 'n nuwe basisjaar te versteur nie (dit wil sê, om die groeiakoerse van reekse teen konstante pryse voor 'n bepaalde datum onveranderd te laat), word die oorskakeling van subtotale en totale na nuwe basisjaarpryse vir jare voor 'n bepaalde datum gedoen sonder inagneming van die veranderinge in subtotale en totale se samestellende dele.



## 2.6 Hersienings

In die geïdealiseerde wêreld van die statistikus is al die nodige grondliggende statistiek vir die samestelling van die nasionale rekeninge beskikbaar, en word dit so gereeld en in al die besonderhede ingesamel wat vir die samestelling van die nasionale rekeninge verlang word, sonder dat dit nodig is om op aannames en ramings terug te val. In die werklikheid is dit egter nie so nie; die samestellers van die nasionale rekeninge moet gevolglik ten volle gebruik maak van alle beskikbare inligting. Daar is beweer dat: "The essence of national accounting is *integration*: bringing together data from many different sources and arranging them so that they present a coherent picture of the whole economy. This requires persistence in tracking down possible data sources, and ingenuity and imagination in using them. National accounting, to a greater degree than other branches of statistics, is an art, not a science."<sup>3</sup>

Met inagneming van hierdie beperkings het dit meermale geblyk dat 'n twee-stadium werkswyse die geskikste manier is om statistiese bronne in te span. Statistiek wat in die fynste besonderhede vooraf beplan en spesiaal ontwerp is om in bepaalde behoeftes te voorsien (wat moontlik meermale wyer strek as die blote samestelling van die nasionale rekeninge), word met ongereelde tussenposes ingesamel. Deur die gebruikmaking van hierdie gegewens word "hoogtemerk"-ramings verkry. Tussen hoogtemerkjare word die tydreekse geëkstrapoleer met behulp van minder omvattende aanwysers van veranderings. Wanneer nuwe gegewens ingesamel is en hoogtemerke hersien word, moet die geëkstrapoleerde ramings vir die tussenjare en -kwartale gewoonlik ook aangepas word.

Die ekstrapolasie van tydreekse vind gewoonlik plaas volgens een van twee algemene werkswyses. Die eerste is om die persentasieveranderings wat vir 'n aanwyserreeks bereken word, op die hoogtemerke toe te pas; die tweede behels die toepassing van hoogtemerkverdelings op die totale vir latere tydperke.

Spesifieke bronne en ramingsmetodes wat nuttig vir die berekening van verskillende onderdele van die nasionale rekeninge aangewend word, word vervolgens bespreek.

## 3. Produksierekening

### 3.1 Definisies en algemene beginsels

Die "bruto binnelandse produk- en bestedingsrekening" (kyk Bylae A) is 'n belangrike deel van die

stelsel van nasionale rekeninge. Hierdie rekening het betrekking op die *voorsiening en benutting (aanvraag) van finale goedere en dienste*.

Die *voorsiening* van finale goedere en dienste word op die "aanbod"- of produksiekant van die rekening getoon en is gelyk aan die som van die uitsette of produksie van binnelandse produsente en die invoer vanaf die buiteland. (Laasgenoemde word as 'n negatiewe totaal aan die uitgawekant van die rekening getoon.) Die onderverdelings van die totale aan hierdie kant van die rekening word getoon in die tabelle van die bruto binnelandse produk volgens soort ekonomiese bedrywigheid, in die inset-uitsettabel, en in die streeksramings. Die tabelle wat die bruto binnelandse produk volgens verskillende soorte ekonomiese bedrywigheede toon, word in hierdie publikasie opgeneem.

Die *finale aanwending* van goedere en dienste, wat bestaan uit finale verbruiksbesteding, bruto kapitaalsvorming en die uitvoer na die buiteland, word aan die "finale aanwendingskant" (bestedingskant) van die rekening getoon. Onderverdelings van die totale word vir verbruiksbesteding, bruto kapitaalsvorming en die uitvoer gedoen.

Die produksierekening weerspieël die drie benaderings vir die raming van die bruto binnelandse produk (BBP), naamlik die inkomemete, die produksiemete en die uitgawemete.

#### 3.1.1 Die inkomemete

Volgens hierdie metode van berekening word die bruto binnelandse produk [BBP(I)] soos volg bereken:

- Vergoeding van werknemers
- + netto bedryfsurplus
- + voorsiening vir waardevermindering (verbruik van vaste kapitaal)
- = BBP teen faktorkoste
- + indirekte belastingen verminder met subsidies
- = BBP(I) teen markpryse

#### 3.1.2 Die produksiemete

Volgens die produksiemete word die bruto binnelandse produk [BBP(P)] bereken as die som van die toegevoegde waardes van die verskillende sektore wat op hul beurt soos volg bereken word:

- Bruto produksie (omset)
- Intermediêre insette
- = BBP(P)

#### 3.1.3 Die uitgawemete

Die besteding aan die bruto binnelandse produk [BBP(B)] toon wat met die eindprodukte gebeur nadat dit geproduseer is. Dit word bereken deur die finale aanwendings van die uitset bymekaar te tel:

- Private verbruiksbesteding
- + verbruiksbesteding deur die owerheid
- + bruto private en owerheid se vaste investering

<sup>3</sup> United Nations, *Handbook of National Accounting. Accounting for Production: Sources and Methods*, New York, 1986, p.10

- = bruto binnelandse finale vraag
- + verandering in voorrade
- = bruto binnelandse besteding (BBB)
- + uitvoer van goedere en nie-faktordienste
- invoer van goedere en nie-faktordienste
- = BBP(B)

In teorie moet hierdie drie berekeningsmetodes in afdelings 3.1.1, 3.1.2 en 3.1.3 dieselfde raming van die bruto binnelandse produk gee. Ongelukkig kan alle vloei-groothede en voorrade in die ekonomie nie presies gemeet word nie; gevolglik sal die totale wat bereken word volgens die metode beskryf in afdelings 3.1.1, 3.1.2 en 3.1.3, normaalweg nie ooreenstem nie, behalwe deur blote toeval. Daarom word 'n sogenaamde "fouteterm" by die produksie- en bestedingsrekening toegelaat. Teen heersende pryse word dit bereken as die verskil tussen die ramings van BBP(I) en BBP(B) en teen konstante pryse as die verskil tussen die ramings van BBP(P) en die BBP(B).

### 3.2 Die onderverdeling van besteding aan die bruto binnelandse produk [BBP(B)]

Die bruto binnelandse produk word bereken deur die onderskeie komponente van die binnelandse besteding bymekaar te tel. Hierdie prosedure begin met die voorbereiding van kleinere "boustene" vir elke soort besteding. Hierdie "boustene" word vervolgens saamgevoeg in die groter stelsel in ooreenstemming met die verskillende definisies en vereistes van die nasionale rekeningkunde. Die ver naamste bronne van gegewens en die berekeningsmetodes van die verskillende boustene toon wesenlike verskille. Daarom is dit nie doenlik om die berekening van elke bousteen volledig te bespreek nie. Om egter groter begrip vir die berekeningsmetodes te verkry, word die berekening van die verskillende onderdele van besteding vervolgens kortliks bespreek, naamlik: private verbruiksbesteding, owerheidsverbruiksbesteding, vaste-investeringsuitgawes, voorrade en die invoer en uitvoer.

#### 3.2.1 Private verbruiksbesteding

##### 3.2.1.1 Definisie

Private verbruiksbesteding meet die totale finale verbruiksbesteding aan goedere en dienste deur inwoners, met inbegrip van nie-winssoekende organisasies.

Die finale verbruiksbesteding van huishoudings bestaan uit alle uitgawes aan nuwe goedere en dienste, verminder met die netto verkope van gebruikte goedere aan ander sektore. Finansieringskoste word nie by private verbruiksbesteding ingesluit nie, maar is 'n deel van oordragte van eiendomsinkome. Huishoudings se finale verbruiksbesteding kan op twee maniere beskou word, naamlik as finale verbruiksbesteding in die binnelandse mark

en as die finale verbruiksbesteding van inwoners.

Verbruiksbesteding in die binnelandse mark bestaan uit die besteding aan binnelandse beskikbare goedere en dienste deur inwoners sowel as nie-inwoner-huishoudings ("binnelandse beskikbare" goedere en dienste kan ook ingevoerde goedere en dienste insluit). Verbruiksbesteding van inwoners kan uit hierdie totaal afgelei word deur die direkte aankope wat deur inwoners in die buiteland gemaak is, by te tel, en die aankope wat deur nie-inwoner-huishoudings in die binnelandse mark gemaak is, af te trek. Die nasionale rekening van Suid-Afrika weerspieël slegs die verbruiksbesteding van inwoners. Hierdie aspek is baie belangrik omdat betreklik groot aankope van verbruikers-goedere en-dienste in Suid-Afrika gedoen word deur trekarbeiders uit ander lande wat werkgeleenthede in die Suid-Afrikaanse ekonomie gevind het.

Die finale verbruiksbesteding van private nie-winssoekende instellings is gelyk aan die produ-sentekoste van die dienste en goedere wat deur die nie-winssoekende instellings gelewer word.

##### 3.2.1.2 Indeling

In werklikheid word daar drie indelings van private verbruiksbesteding gedoen. Eerstens, word hierdie soort besteding ingedeel volgens die aard van die artikels wat gekoop word, dit wil sê daar word onderskei tussen duursame, semi-duursame en nie-duursame goedere en dienste. Semi-duursame goedere verskil van duursame goedere in dié sin dat hul verwagte leeftyd, van sowat een jaar of effens langer, nietemin dikwels betekenisvol korter is en die aankoopprys meesal aansienlik laer is, as dié van duursame goedere. Nie-duursame goedere het gewoonlik 'n leeftyd van minder as een jaar. Die indeling van goedere volgens graad van duursaamheid is nuttig vir doeleindes soos die bepaling van huishoudings se voorraad van duursame goedere en vir ontledings van die sikliese verloop van die verbruikersvraag. Daar word ook veronderstel dat meer welvarende huishoudings, of die gemiddelde huishouding in die wêreld se ryker lande, 'n groter deel van hul totale verbruiksbesteding vir die aankoop van duursame goedere aanwend.

Tweedens word verbruiksbesteding ingedeel volgens die oogmerk of doel van die besteding, dit wil sê volgens die Internasionale Standaard Handelsklassifikasie. Hierdie indeling verskaf inligting wat nuttig is vir die bestudering van verbruikersvraag en -welvaart.

Derdens word verbruiksbesteding ingedeel volgens die soort ekonomiese bedrywigheid waarmee die vervaardiger van die betrokke goedere gemoeid is, dit wil sê volgens die Standaard Nywerheidsklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywigheede. Hierdie indeling word in die inset-uitsettabel ver-

strek en is nuttig vir ontledings van sektorale bedrywighede.

### 3.2.1.3 Hoofbronne van gegewens en die metode van berekening

Alhoewel meer besonderhede oor die bronne van gegewens en die berekeningsmetodes in Bylae B verstrekkend word, word die volgende algemene benadering in die berekening van private verbruiksbesteding gevolg:

- Vir hoogtemerkjare word die vyfjaarlikse opname van uitgawes van huishoudings in die verskillende metropolitaanse gebiede van die Republiek van Suid-Afrika, die nasionale state en die TBVC-lande gebruik om die gemiddelde huishouding se besteding aan 'n spesifieke produk of diens in 'n sekere gebied te raam. Hierdie gemiddelde waarde per huishouding word dan met die aantal huishoudings volgens die bevolkingsensus vermenigvuldig om die totale besteding aan daardie produk of diens te verkry. Hierdie metode verseker dat 'n groot deel van die informele ekonomie se produksie in private verbruiksbesteding ingesluit word.
- Vir die tussenjare word twee afsonderlike metodes, die goederevloei-<sup>4</sup> en kleinhandelkontrolemetode in samehang met mekaar gebruik. Ramings wat op die inset-uitsettabelle gebaseer is, word vir die goederevloei-berekenings gebruik, en 'n ekstrapolasie volgens die maandelikse kleinhandelverkope word vir die kleinhandelkontrolemetode gebruik.
- Kwartaallikse ramings word deur middel van die ekstrapolasie van die hoogtemerkramings verkry. Hierdie ekstrapolasies word gemaak met behulp van die kleinhandelverkope wat in die maandelikse opname van die kleinhandel deur die Sentrale Statistiekdiens gepubliseer word. Hierbenewens word gegewens wat deur die "Retailers' Liaison Committee" gepubliseer word en ander ter sake dienende opnames gebruik om die geldigheid van die geëkstrapoleerde resultate te bevestig.
- Ramings teen konstante pryse word verkry deur elkeen van die verskillende komponente teen heersende pryse met 'n gepaste element van die verbruikersprysindeks te defleer.

### 3.2.1.4 Belangrike klasse van private verbruiksbesteding

- Besteding aan persoonlike vervoertoerusting, soos nuwe motors en minibusse word kwartaalliks geraam deur die aantal voertuie wat aan eindverbruikers verkoop is (aangesuiwer vir motors wat vir sakedoeleindes gebruik word) met die gemiddelde

<sup>4</sup> Die goederevloei-metode verwys na 'n ontleding wat gebruik maak van inligting oor die verskaffers van goedere en dienste, en die identifisering van daardie items wat ten volle of gedeeltelik vir die finale verbruik van huishoudings gebruik word, ten einde verbruiksbesteding in die binnelandse mark te raam.

pryse van die verskillende tipes voertuie te vermenigvuldig. Die ramings van die aantal verkoopte voertuie word gekontroleer deur dit te vergelyk met die aantal nuwe voertuie geregistreer. Jaarsyfers word verkry as die somtotale van die kwartaallikse ramings. Jaartotale word vergelyk met die resultate wat deur middel van die goederevloei-metode in die samestelling van die inset-uitsettabelle verkry is. Ramings teen konstante pryse word verkry deur die aantal verkoopte voertuie as aanwyser te gebruik en die afgeleide prysdeflator word met die ooreenstemmende komponent van die verbruikersprysindeks vergelyk.

'n Probleem ontstaan vanweë die feit dat 'n deel van die besteding aan motorvoertuie deur sakeondernemings nie vir doeleindes van kapitaalbesteding gedoen word nie, maar as byvoordele aan werknemers bedoel word. Streng gesproke behoort motors wat vir laasgenoemde doeleindes aangekoop word as vergoeding aan werknemers en as verbruiksbesteding aan duursame goedere geklassifiseer te word. Dit is egter moeilik om motors wat vir die doeleindes van vaste investering verkoop word van motors wat vir die doeleindes van werknemersvergoeding verkoop word te onderskei aangesien sodanige inligting nie afsonderlik beskikbaar is nie. Ramings kan egter verkry word uit inligting wat aan die Ontvanger van Inkomste voorsien word.

Die waarde toegevoeg deur handelaars in gebruikte motors is per definisie 'n onderdeel van private verbruiksbesteding. Dit word geraam deur die aantal gebruikte motors wat geregistreer is met die gemiddelde handelsmarge van handelaars in gebruikte voertuie te vermenigvuldig.

- Verbruiksbesteding aan voedsel, drank en tabak word kwartaalliks deur die Departement van Landbou geraam. Die jaarsyfers wat op hierdie wyse verkry word, word teen die vyfjaarlikse opname van uitgawes van huishoudings, die opname van kleinhandelverkope en die goederevloei-metode wat in die samestelling van die inset-uitsettabelle gebruik word, gekontroleer. Vir ramings teen konstante pryse word die ramings teen heersende pryse met die toepaslike komponente van die verbruikersprysindeks gedeleer.

'n Probleem wat met die berekening van besteding in hierdie groep ondervind word, spruit voort uit dié produksie vir eie verbruik en, meer bepaald, produksie deur middel van bestaansboerdery in die plattelandse gebiede. Die Departement van Landbou raam hierdie soort besteding uit verskillende inligtingsbronne.

- Private verbruiksbesteding aan petroleumprodukte word bereken deur die hoeveelhede wat in die verskillende streke van die land aangekoop word met die kleinhandelpryse van sodanige produkte in die streke te vermenigvuldig. Hierdie berekenings word vir hoogtemerkjare gekontroleer deur van die

resultate van die opname van uitgawes van huishoudings gebruik te maak en dit met die inligting verkry uit die inset-uitsettabelle te vergelyk.

Ramings teen konstante pryse word verkry deur van verkoopte hoeveelhede as 'n aanwyser gebruik te maak. Die afgeleide prysdeflator word dan met die ooreenstemmende komponent van die verbruikersprysindeks vergelyk. Die bepaling van die waarde van kleinhandelsverkope wat as intermedieë insette in die produksieprosesse gebruik word, bied 'n probleem. 'n Ontleding van inset-uitsetvloei bied die grondslag om tussen eindverbruik en intermedieë verbruik te onderskei.

- Besteding aan *bruto huur* omvat alle huur ten opsigte van geboue - werklik en, in die geval van huise wat deur die eienaar bewoon word, toegereken en sluit eiendomsbelasting, betalings vir sanitêre dienste en herstel- en onderhoudskoste in. Huur ten opsigte van tweede wonings, soos strandhuise, kothuise en berghutte, word ook by hierdie kategorie ingesluit. Die hoogtemerk vir besteding aan bruto huur is bereken deur die aantal huise (soos dit in die uitgebreide tienjaarlikse bevolkingsensus bepaal is) met die gemiddelde jaarlikse huurbetalings (soos deur die Sentrale Statistiekdiens in die opnames van huishoudings en huisbediendes vasgestel word) te vermenigvuldig. Kwartaallikse ramings word gedoen op grond van die kapitaalvoorraad van woongeboue en gemiddelde huursyfers. Die kapitaalvoorraad teen konstante pryse word as aanwyser gebruik vir ramings teen konstante pryse.

- Die moeilikste deel in die raming van private verbruiksbesteding is die besteding aan *ander dienste*. Dit is belangrik om daarop te let dat in die geval van huur, lone van huisbediendes, huishoudelike dienste, vermaak, ontspanning en kulturele dienste en dienste vir persoonlike versorging, die geraamde toegevoegde waarde vir die bruto binnelandse produk gelyk moet wees aan die bestedingsramings. Dit is ook belangrik om daarop te let dat hierdie verbruiksbesteding, sowel as besteding aan hospitaalsorg en ander mediese dienste, nie in bestedingskomponente soos voedsel, verblyf of ander goedere en dienste onderverdeel word nie.

### 3.2.2 Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid

Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid word bereken as die waarde van die bruto produksie van die produsente van owerheidsdienste verminder met die waarde van verkope deur die owerheid. Dit word uit die owerheid se produksierekening soos volg geraam:

Intermedieë verbruik

- + vergoeding van werknemers
- + vaste-kapitaalverbruik (waardermindering)
- verkope van owerheidsdienste
- = verbruiksbesteding deur die algemene owerheid

Die verskillende openbare-sektorrekeninge word geraam in ooreenstemming met die aanbevelings van die *Government Finance Statistics Manual* van die Internasionale Monetêre Fonds en die *Public Sector Accounts Handbook* van die Verenigde Volke-organisasie.

*Intermedieë verbruik* bestaan uit aankope van goedere en nie-arbeidsdienste. Die samestelling en grootte van die intermedieë verbruik wissel aansienlik tussen die verskillende soorte dienste. So, byvoorbeeld, bestaan besteding aan verdediging gewoonlik uit uitgawes op toerusting en benodigdhede vir die verdedigingsmagte. Ander owerheidsdienste waar intermedieë verbruik 'n aansienlike deel van die totale besteding uitmaak, is gesondheids- en maatskaplike dienste. Die intermedieë verbruik van departemente waarvan die funksies oorwegend regulering of beplanning behels, bestaan hoofsaaklik uit poste soos telefoonkoste, huur, skryfbenodigdhede, rekenaaruitgawes en vervoerkoste. In die berekening van die intermedieë verbruik teen konstante pryse word die waardes teen heersende pryse met toepaslike komponente van die produksieprysindeks gede-fleer.

Die *vergoeding van owerheidswerknemers* wat by owerheidsverbruiksbesteding ingesluit word, is 'n teen-inskrywing van die pos wat by die bruto binnelandse produk as die vergoeding van werknemers ingesluit word. Ten einde die vergoeding van werknemers teen konstante pryse te bepaal, word die basisjaarramings met behulp van werkverskaffingsgegevens geëkstrapoleer.

Die *verbruik van vaste kapitaal* word teen vervangingskoste geraam. Dit word egter slegs vir die geboue van die algemene owerheid bereken en nie vir paaie en bouwerke soos brûe en damme nie wat, soos toerusting, masjinerie en voertuie, as intermedieë insette ingedeel word. Die berekening van die verbruik van vaste kapitaal word in meer besonderhede bespreek in die afdeling waarin die berekening van die kapitaalvoorraad beskryf word.

Die "*verkope van owerheidsdienste*" verwys hoofsaaklik na dié transaksies in goedere en dienste, wat deur algemene-owerheidsinstellings voorsien word en waar daar 'n duidelike verband tussen die betaling vir en die verkryging van die betrokke goedere en dienste bestaan. Dit is egter belangrik dat die besluit om te betaal vrywillig moet wees. Voorbeelde van sulke dienste is betalings aan staatshospitale en -skole. Verpligte betalings, soos die betaling van heffings ten opsigte van paspoorte, motorbestuurtoetse of rybewyse word by "verpligte fooie en boetes" ingesluit en word nie as verkope beskou nie. Die verkope van owerheidsdienste teen konstante pryse word bereken deur die geraamde besteding teen heersende pryse met toepaslike saamgestelde prysdeflatore te deel.

**Tabel 5**

**Produsente van owerheidsdienste - produksierekening**  
**Teen heersende pryse**  
**R miljarde**

| Produksiekoste                 | 1985 | 1990 | Uitset                     | 1985 | 1990 |
|--------------------------------|------|------|----------------------------|------|------|
| Intermediêre verbruik .....    | 10,3 | 21,2 | Verbruiksbesteding deur    |      |      |
| Vergoeding van werknemers..... | 14,7 | 31,9 | algemene owerheid.....     | 23,8 | 50,5 |
| Vaste-kapitaalverbruik .....   | 0,8  | 1,5  | Foote ontvang vir verkope  |      |      |
|                                |      |      | van owerheidsdienste ..... | 2,0  | 4,1  |
| Bruto inset .....              | 25,8 | 54,6 | Bruto uitset .....         | 25,8 | 54,6 |

### 3.2.3 Bruto binnelandse vaste investering

#### 3.2.3.1 Definisie

Bruto binnelandse vaste investering verteenwoordig besteding aan nuwe, duursame en produktiewe bates met 'n verwagte leeftyd wat verder strek as die jaar waarin die uitgawe aangegaan is en waarvan dus verwag kan word om in die toekoms tot die produksieprosesse by te dra.

Bruto vaste kapitaalvorming bestaan uit die besteding deur private en openbare produsente aan nuwe tasbare bates wat nie regstreeks as intermediêre verbruik in die produksieproses benut word nie. Die grondliggende onderskeid wat tussen intermediêre verbruik en kapitaalvorming getref word is of die betrokke goedere of artikels gedurende 'n rekeningkundige verslagtydperk opgebruik word, en of dit in die toekoms opbrengste sal oplewer.

Onafgehandelde werk ten opsigte van swaar masjinerie en toerusting word by die bruto binnelandse investering ingesluit en is 'n deel van die voorraad van produksiegoedere. Die afgehandelde gedeelte van onvoltooide bouwerke, word ingesluit by die vaste kapitaaluitgawes van die inrigting waarvoor die konstruksiewerk gedoen word. Uitgawes aan navorsing en ontwikkeling is egter nie deel van kapitaalvorming nie, maar word by intermediêre verbruik ingesluit. Insgelyks word uitgawes aan die herstel en instandhouding van vaste kapitaalbate ook as intermediêre verbruik beskou. Wesenlike veranderings, aanbouings en vervangings word egter as vaste kapitaalvorming ingedeel as die nuwe toevoegings 'n verwagte leeftyd van een of meer jare het, byvoorbeeld die vervanging van 'n vragmotor se masjien of veranderings aan geboue.

#### 3.2.3.2 Indeling

Bruto binnelandse vaste investering word volgens soort ekonomiese bedrywigheid, soort organisasie en soort bate ingedeel. Die indeling volgens soort ekonomiese bedrywigheid en volgens soort organisasie stem ooreen met dié van die ander nasionale-rekeningegroothede wat reeds hierbo bespreek

is. In die indeling volgens soort bate word die volgende klasse normaalweg onderskei:

- woongeboue;
- nie-woongeboue;
- ander konstruksie en grondverbeterings;
- vervoertoerusting; en
- masjinerie en ander toerusting.

Investering in woongeboue omvat die waarde van voltooide werk met betrekking tot die oprigting van geboue wat uitsluitlik of hoofsaaklik wooneenhede is (huise en woonstelle); uitgawes aan wesentliche veranderings en aanbouings aan hierdie geboue; en die oordrag- en soortgelyke koste ten opsigte van die aankoop (of verkoop) van bestaande woongeboue. Daarby word ook ingesluit die koste verbonde aan die installering van nuwe permanente vaste toebehore soos stowe, sentrale verhitting, lugversorging, ligte, loodgieterswerk en watervoorsieningsfasiliteite, en alle ander vaste toerusting wat gewoonlik geïnstalleer word voordat huise bewoon word.

Investering in nie-woongeboue bestaan uit die waarde van die voltooide werk met betrekking tot die oprigting van geboue en bouwerke wat uitsluitlik of hoofsaaklik vir nywerheids- en kommersiële doeleindes gebruik word; besteding aan nie-woongeboue van die owerheid soos skole, hospitale en administratiewe geboue; uitgawes aan groot veranderings en/of aanbouings aan hierdie geboue en bouwerke; die oordrag- en soortgelyke koste ten opsigte van die aankoop (of verkoop) van bestaande nie-woongeboue. Voorbeelde van private nie-woongeboue is fabrieksgeboue, pakhuise, skure, restaurante, hotelle, motorhawens en geboue op plase. Uitgawes aan die oprigting, verandering en verbetering van hierdie bouwerke word ook ingesluit.

Vaste investering in ander konstruksie en die verbetering van grond bestaan uit die waarde van voltooide werk met betrekking tot die oprigting en wesentliche veranderings of opknappings van bouwerke, byvoorbeeld permanente paaie, brûe, hawens, parkeergeriewe, lughawens, pylleidings, olie-boorgate, mynskagte, damme en dreineringswerke.

Vaste investering in vervoertoerusting omvat die aankoopwaarde van nuut-voltooideskepe, vliegtuie, spoorvoertuie, vragmotors en motorvoertuie en uitgawes op groot veranderinge aan en die verbetering van bestaande vervoertoerusting.

Vaste investering in masjinerie en ander toerusting omvat die aankoopwaarde van nuwe duursame goedere wat nie elders ingedeel is nie, byvoorbeeld landboumasjinerie; masjinerie vir kragopwekking; rekenaars; kantoormasjinerie, -toerusting, -meublement en -stoffering; kunsskatte; metaalwerke-, mynbou-, konstruksie- en ander nywerheidsmasjinerie; hyskrane en vurkhysers; duursame houers; toestelle en toerusting vir beroepsdeskundiges; en toerusting, meubels en toebehore vir gebruik in, onder andere, hotelle, losieshuise, restaurante en hospitale. Items van geringe waarde, soos handgereedskap en goedkoop kantoortoerusting, word as lopende uitgawes beskou.

### 3.2.3.3 Hoofbronne van gegewens en metodes van berekening

Die volgende algemene benadering word in die bepaling van die bruto binnelandse vaste investering gevolg:

- Vir die hoogtemerkjare word die vaste investering bereken deur gebruik te maak van sensusgegewens wat deur die Sentrale Statistiekdiens vrygestel word. Ramings van die investering in geboue word gekontroleer deur dit te vergelyk met die waarde van voltooides geboue wat in die maandelikse steekproef van die Sentrale Statistiekdiens opgeneem word.
- Die ramings vir ander jare en vir kwartale word gemaak deur middel van ekstrapolasie en interpolasie op grond van inligting verkry uit die kwartaal-likse steekproefopnames van finansiële statistiek deur die Reserwebank en die Sentrale Statistiekdiens. Hierdie ramings word gekontroleer deur dit te vergelyk met die resultate van die goederevloei-metode wat vir die samestelling van inset-uitsettable gebruik word. Besteding aan vervoertoerusting word ook vergelyk met die resultate van die klein- en groothandelkontrolemetode. Besteding aan geboue word vergelyk met die waarde van voltooides geboue wat maandeliks deur die Sentrale Statistiekdiens opgeneem word.

### 3.2.3.4 Belangrike klasse van bruto binnelandse vaste investering

- Die investering in private woongeboue omvat die waarde van afgehandelde werk en groot aanbouings aan en verbeterings van permanente behuisingstrukture op persele, met inbegrip van enkelgesinwonnings, duethuise, meenthuise, aftreeoorde, woonstel- en tyddeeleenhede in groot stede, metropolitaanse gebiede, kleiner stede en dorpe. Hierdie soort investering word uit die gegewens van die Sentrale Statistiekdiens se maandelikse opname

van voltooides geboue geraam. Hoogtemerke word uit jaarlikse opnames van die Sentrale Statistiekdiens geraam. Die koste van voltooides geboue soos dit deur plaaslike owerhede voorsien word, word hertoegedeel aan vorige maande waarin die uitgawes werklik aangegaan is.

Dit is belangrik om daarop te let dat woongeboue wat deur ander ekonomiese sektore voltooi word, byvoorbeeld vir die mynbousektor of vir die landbougemeenskap, as investering in woongeboue deur daardie sektor getoon word. Selfhelpskemas word by hierdie soort investering ingesluit, maar besteding aan materiale vir die oprigting van plakkereenhede word by verbruiksbesteding ingesluit.

- Die ramings van kapitaalbesteding deur openbare nutsondernemings en openbare korporasies word uit die kwartaal-likse en jaarlikse gegewens, wat regstreeks van die nutsondernemings en korporasies verkry word, gemaak.
- Kapitaalbesteding deur openbare owerhede word van 'n ontleding van die statistiek van die owerheidsfinansies verkry. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die onderskeid wat staatsdepartemente en agentskappe tussen lopende en kapitaalbesteding tref, nie sonder meer aanvaar word nie, maar aangepas word om aan die nasionale rekeninge se definisies en voorskrifte te voldoen.
- Die gegewens oor kapitaaluitgawes wat deur middel van verhuringskontrakte gefinansier word, word deur die Reserwebank van die finansiële instellings verkry. Hierdie kapitaaluitgawes word na die sektor "finansies, versekering, vaste eiendom en sake-dienste" toegedeel.

### 3.2.3.5 Vaste investering teen konstante pryse

Die Reserwebank stel drie afsonderlike prysindekse saam vir die deflering van die nominale besteding aan woongeboue, nie-woongeboue en ander konstruksiewerke, onderskeidelik. By hierdie indekse word die koste van materiale, arbeidskoste, bokoste en winsmarges ingesluit. Die besteding aan vervoer- en ander toerusting word met komponente van die produksieprysindeks gedefleer. Oordragkoste word met die prysindeks vir woongeboue gedefleer.

### 3.2.4 Verandering in voorrade

Voorrade bestaan hoofsaaklik uit goedere in die hande van produsente wat vir intermediêre verbruik aangekoop is maar nog nie gebruik is nie, goedere vir verkoop geproduseer maar nog nie verkoop nie, en onafgehandelde werk. Owerheidsvoorraad van strategiese produkte word ook ingesluit, maar die natuurlike aanwas in landbougewasse word nie by voorraad ingesluit nie. Ewemin word nuwe ontdekings van mineralebronne ingesluit.

#### 3.2.4.1 Waardering

Die metodes van voorraadwaardering in die

rekeninge van sakeondernemings (dit wil sê die boekwaarde van voorrade) wissel en is dikwels uiteenlopend van dié wat vir die samestelling van die nasionale rekeninge vereis word. Vir nasionale-rekeningedoeleindes behoort die verandering in die fisiese omvang van die voorrade gewaardeer te word teen die markpryse wat van krag was toe die toevoegings en die onttrekkings gemaak is. Ten einde die beste doenlike benadering van die verlangde maatstaf vir die nasionale rekeninge te verkry, word die verskil in die werklike vlakke van voorrade aan die begin en aan die einde van 'n bepaalde tydperk, teen 'n gemiddelde prys van daardie tydperk gewaardeer.

Aangetekende voorraadsyfers aan die begin en aan die einde van 'n kwartaal, dit wil sê die boekwaardes van die voorrade, word herwaardeer om konstante prysvlakke te weerspieël. Die verskil tussen die herwaardeerde voorraadsyfers aan die einde en aan die begin van die kwartaal is die werklike verandering in voorrade vir daardie kwartaal. Hierdie verandering in die fisiese omvang van die voorraad word op sy beurt teen 'n gemiddelde prys vir die kwartaal herwaardeer. Die verskil tussen die herwaardeerde voorraadveranderinge en die verandering in die boekwaardes verteenwoordig die "aansuiwering vir voorraadwaardering".

#### 3.2.4.2 Hoofbronne van gegewens en berekeningsmetodes

Net soos die geval met vaste investering, word gegewens oor die waarde van voorrade uit verskillende sensusse en kwartaalike opnames verkry.

Wanneer voorrade herwaardeer word, word die aanname gemaak dat die EIEU-metode (eerste-in-eerste-uit) van voorraadboekhouding oorwegend gebruik word. Om voorrade teen gemiddelde markpryse te herwaardeer, is dit nodig om die gemiddelde omsettyd van voorrade vas te stel. Die verhouding van voorraadvlakke tot die waarde van verkope word hiervoor gebruik.

#### 3.2.4.3 Indeling

Voorrade word ingedeel volgens soort ekonomiese bedrywigheid en volgens soort organisasie.

#### 3.2.5 Invoer en uitvoer

Die invoer en die uitvoer word heringedeel om aan die vereistes van die produksierekening te voldoen. Die faktorbetalings aan die buiteland (rente, dividende, tantième en vergoeding van werknemers betaal aan en ontvang van die buiteland) word nie in die produksierekening in berekening gebring nie.

### 3.3 Die dekonsolidering van bruto binnelandse inkome en produksie [BBP(I) en BBP(P)]

Die bruto binnelandse produk kan bereken word deur óf die produksiebenadering óf die kostebe-

nadering te volg. Die produksiebenadering behels die berekening van die bruto binnelandse produk, BBP(P), as die verskil tussen die waarde van die bruto produksie van produsente en die waarde van hulle intermediêre insette gedurende 'n gegewe tydperk. Die kostebenadering (of inkomebenadering) behels die sommering van inkomes wat aan produksiefaktore toeval, dit wil sê die vergoeding van werknemers, die bruto bedryfsurplus en die oorskot van indirekte belastinge bó subsidies, om die bruto binnelandse produk BBP(I) teen markpryse te bereken. Die vergoeding van werknemers sluit in die bruto salarisse, lone en toelae van werknemers, ongeag of dit betaal word in kontant of in natura met inbegrip van die werkgewers se bydraes tot vakansie-, pensioen-, voorsorg- en mediese fondse, maar voordat aftrekkings vir werknemers se bydraes tot hierdie fondse en vir inkomstebelasting gemaak is. Vergoeding in natura, soos lae-rente-behuising en motors, word ook ingesluit. Die bruto bedryfsurplus bestaan uit die bruto produksie verminder met die intermediêre verbruik en die vergoeding van werknemers.

Die bygaande voorbeeld van 'n tipiese produksiestaat van 'n onderneming toon hoe die bruto binnelandse produk deur middel van die produksie- en die koste- of inkomebenadering bereken kan word.

Die ramings van die bruto binnelandse produk vir die verskillende sektore van ekonomiese bedrywigheid word verkry deur óf die intermediêre verbruik van die bruto produksie af te trek, óf deur die faktorinkome wat in 'n bepaalde ekonomiese sektor geskep word, bymekaar te tel. Twee belangrike aansuiwerings moet gemaak word, naamlik 'n aansuiwering vir finansiële diensgelde en 'n aansuiwering vir indirekte belastinge verminder met subsidies. Albei hierdie aansuiwerings is deel van intermediêre verbruik, maar dit is moeilik om hulle aan 'n bepaalde verbruikseenheid, en derhalwe ook aan enige bepaalde sektor van ekonomiese bedrywigheid, toe te wys.

'n Aansuiwering vir finansiële diensgelde moet gemaak word omdat banke en ander finansiële instellings gewoonlik rente ontvang vir die dienste wat hulle lewer, maar hierdie ontvangste word nie as betaling vir die verkoop van 'n diens of as produksiekoste beskou nie. Indien hierdie instellings soos enige ander inrigting gehanteer sou word en hul bruto produksie word as heffings vir gelewerde dienste beskou, sal hulle 'n negatiewe toegevoegde waarde hê omdat die grootste deel van hul inkome verkry word uit die heffing van 'n rentekoers op voorskotte toegestaan wat hoër is as die koste van hul fondse. 'n Toerekening vir hierdie waarde van die dienste word gevolglik gemaak en word as die intermediêre verbruik van alle produsente as 'n groep getoon. Die hantering van finansiële instellings word in die bygaande produksierekening



**Produksiestaat van die onderneming**  
R'000

| Koste  |       | Bruto opbrengs                                       |       |
|--|-------|--|-------|
| Goedere en dienste van ander produ-<br>sente aangekoop ..... | 600   | Verkope aan Maatskappy A.....                        | 700   |
| Waardevermindering .....                                     | 70    | Verkope aan Maatskappy B .....                       | 330   |
| Indirekte belasting .....                                    | 40    | Verkope aan Maatskappy C.....                        | 350   |
| Salarise en lone .....                                       | 730   | Verkope aan die publiek vir<br>finale verbruik ..... | 100   |
| Netto rente betaal .....                                     | 10    | Subtotaal: markopbrengs.....                         | 1 480 |
| Maatskappywins (onuitgekeer).....                            | 82    | Voorraadtoename.....                                 | 100   |
| Netto dividende betaal.....                                  | 50    |  |       |
| Min: Subsidies ontvang .....                                 | 2     |  |       |
| Totale koste van produksie.....                              | 1 580 | Bruto waarde van produksie.....                      | 1 580 |

**1. Produksiebenadering**

|   |       |     |
|---|-------|-----|
| Bruto opbrengs (waarde van produksie).....  | 1 580 |     |
| Min: Intermediêre insette, dit wil sê goedere en dienste van ander produsente aangekoop | 600   |     |
| Toegevoegde waarde [BBP(P)].....  |       | 980 |

**2. Koste- of inkomebenadering**

|  |     |     |
|--|-----|-----|
| Salarisse en lone .....                        | 730 |     |
| Bruto bedryfsurplus .....                      | 212 |     |
| Maatskappywins (onuitgekeer).....              | 82  |     |
| Netto dividende betaal .....                   | 50  |     |
| Netto rente betaal .....                       | 10  |     |
| Waardevermindering .....                       | 70  |     |
| Bruto binnelandse produk teen faktorkoste..... | 942 |     |
| Indirekte belastings min subsidies .....       | 38  |     |
| Toegevoegde waarde [BBP(I)].....               |     | 980 |

van handelsbanke uiteengesit.

'n Aansuiwering moet ook gemaak word vir indirekte belastings verminder met subsidies omdat die sektorale berekenings van die bruto binnelandse produk volgens die produksie- en die kostebenaderings 'n raming voorsien van die bruto binnelandse produk teen faktorkoste, en nie teen markpryse nie.

Benewens die toerekenings vir finansiële diensgelde, word ander toerekenings vir sekere spesifieke ekonomiese sektore ook vir nasionale-rekeninge-doeleindes gemaak. Wanneer inkome toegereken word, moet 'n ooreenstemmende uitgawe-pos (intermediêr of finaal) te boek gestel word. Voorbeelde van sodanige toerekenings is die huur ten opsigte van eienaarbewoonde wooneenhede en plaasprodukte vir eie verbruik aangewend.

Die bronne van gegewens en metodes vir die berekening van die bruto binnelandse produk volgens die produksie- en kostebenaderings word in Bylae B van hierdie publikasie opgesom. Die produksiebenadering word gevolg om die toegevoegde waarde van landbou te bereken, terwyl die toegevoegde waarde van die ander sektore op die inkome- of kostebenadering gebaseer word.

Die ramings teen konstante pryse word verkry deur die basisjaarberekenings te ekstrapoleer of deur tussen basisjare te interpoleer deur die gebruik van veranderings in uitgesoekte indekse van hoeveelhede.

Die ramings van die bruto binnelandse produk word ook volgens streke opgestel. Die bruto geografiese produk volgens landdrosdistrikte word tans elke derde jaar deur die Sentrale Statistiekdiens geraam. Die jongste ramings is vir 1984. Vroeëre ramings het betrekking op 1968, 1970, 1972, 1975, 1978 en 1981. Gereelde sensusse deur die Sentrale Statistiekdiens bied die grondslag vir die raming van die bruto geografiese produk. Die bruto geografiese produk verteenwoordig nie 'n onafhanklike herberekening van die bruto binnelandse produk nie, maar is 'n indeling van die ramings van die bruto binnelandse produk volgens streke.

**3.4 Die inset-uitsettabel**

Die inset-uitsettabel beklee 'n sentrale plek onder die samestellende dele van die nasionale-produkrekeninge. Die inset-uitsettabel bied 'n middel waarmee teenstrydige ramings vermy kan word en dit



**Produksierekening van handelsbanke**  
R miljoene

| Koste  |       | Bruto opbrengs      |       |
|--|-------|---------------------|-------|
| Intermediêre verbruik (netto van direkte bedrae gevra vir dienste) ..... | 90    | Rente ontvang ..... | 5 830 |
| Salarisse en lone .....  | 720   |                     |       |
| Rente betaal .....   | 4 520 |                     |       |
| Bruto wins .....   | 500   |                     |       |
| Totaal .....   | 5 830 | Totaal .....        | 5 830 |

1. Toegevoegde waarde van handelsbanke
  - (i)  $(5\,830 - 90 - 4\,520) = 1\,220$
  - of
  - (ii) Salarisse en lone 720  
Bruto bedryfsurplus 500 = 1 220
2. Finansiële diensgeld  $(4\,520 - 5\,830) = -1\,310$

dui statistiese gebreke aan wat uitgeskakel moet word, maar dit dien ook as 'n onafhanklike hoogtemerk vir die produksierekening in sy geheel. Onafhanklike ramings van die komponente van die BBP(I), BBP(P) en BBP(B) vir elke bedryfsvertakking word in 'n enkele stel tabelle geïntegreer. Die Suid-Afrikaanse inset-uitsettabelle word deur die Sentrale Statistiekdiens saamgestel en word met tussenposes van ongeveer drie jaar gepubliseer. Die Sentrale Statistiekdiens het tot dusver tabelle vir die jare 1967, 1971, 1975, 1978, 1981 en 1984 gepubliseer.

#### 4. Nasionale inkome en aanwending, kapitaalfinansiering en rekening met die buiteland

Bo en behalwe die produksierekening, word drie ander belangrike rekeninge in die nasionale rekeninge onderskei, te wete: die nasionale inkome en -aanwendingsrekening; die kapitaalfinansierings- of besparing- en investeringsrekening; en die rekening met die buiteland.

##### 4.1 Nasionale beskikbare inkome en die aanwending daarvan

Die gekonsolideerde nasionale beskikbare inkome- en aanwendingsrekening is 'n konsolidering van die inkome- en uitgawerekeninge van die institusionele sektore van die binnelandse ekonomie, te wete die maatskappyrekening, die owerheidsrekening en die huishoudingsrekening. Hierdie institusionele sektore is die *besluitnemingspunte vir die verkryging en besteding van inkome*.

Die netto ontvangste deur inwoners van inkomste uit werkgeleentheid, ondernemerskap en eiendom, dit wil sê die bruto nasionale produk (BNP), plus lopende oordragte uit die buiteland, is die sogenaamde nasionale beskikbare inkome. Die nasionale beskikbare inkome is die bedrag wat vir ver-

bruiksbesteding (privaat en owerheid) en besparing beskikbaar is.

##### 4.1.1 Bruto nasionale produk

Die bruto nasionale produk is 'n maatstaf van die inkomste wat as faktorinkome aan inwoners toeval en word teen heersende en teen konstante pryse geraam.

Die bruto nasionale produk teen heersende pryse word bereken as die bruto binnelandse produk teen markpryse min netto uitgekeerde faktorinkome aan die res van die wêreld, in die vorm van netto vergoeding aan werknemers en netto ander faktorbetalings.

Die reële bruto nasionale produk word bereken deur: (a) netto faktorbetalings (dit wil sê vergoeding aan werknemers en die netto inkomste uit beleggings) aan die buiteland teen konstante pryse af te trek van die reële bruto binnelandse produk, en (b) "winste of verliese" wat ontstaan as gevolg van veranderings in die sogenaamde ruilvoet by te tel.

##### 4.1.2 Samestellende rekeninge van nasionale beskikbare inkome en die aanwending daarvan

Soos reeds hierbo aangedui, bestaan die rekeninge vir nasionale beskikbare inkome uit drie institusionele rekeninge, naamlik die maatskappyrekening, die owerheidsrekening en die huishoudingsrekening. Die rekening vir finansiële instellings is by die maatskappyrekening ingesluit. Die rekening vir nie-geïnkorporeerde sakeondernemings sowel as die rekening vir nie-winssoekende instellings wat 'n diens aan huishoudings lewer is by die huishoudingsrekening ingesluit.

**Tabel 6**

**Institusionele verdeling van die netto bedryfsurplus**  
R miljarde

| Institusionele sektor                               | 1990 |
|---|------|
| Maatskappysektor .....                              | 35,2 |
| Algemene owerheid .....                             | 0,7  |
| Huishoudingsektor.....                              | 22,9 |
| Netto bedryfsurplus (aangepas vir die respos) ..... | 58,8 |

**Tabel 7**

**Oordragte van inkome uit eiendom 1990**  
R miljarde

|  | Ontvangste | Betalings |
|--|------------|-----------|
| <b>Maatskappyrekening</b>                |            |           |
| Rente .....                              | 51,5       | 51,9      |
| Dividende en tantième .....              | 7,7        | 17,0      |
| Netto betalings .....                    |            | 9,7       |
| <b>Owerheidsrekening</b>                 |            |           |
| Rente en dividende.....                  | 2,0        | -         |
| Rente op staatskuld.....                 | -          | 11,1      |
| Netto betalings .....                    |            | 9,1       |
| <b>Huishoudingsrekening</b>              |            |           |
| Netto rente en dividende .....           | 11,7       | -         |
| Netto ontvangste.....                    | 11,7       |           |
| <b>Buiteland</b>                         |            |           |
| Netto rente, dividende en tantième ..... | 7,1        | -         |
| Netto ontvangste.....                    | 7,1        |           |
| Totaal .....                             | 80,0       | 80,0      |

Die eerste stap in die dekonsolidering van die nasionale inkome is om die toegevoegde waarde wat uit die binnelandse produksie ontstaan het, min die verbruik van vaste kapitaal, tussen die institusionele sektore van die ekonomie te verdeel. Vergoeding van werknemers word bygevoeg by die huishoudingsektor en die netto bedryfsurplus word tussen die verskillende institusionele sektore verdeel (sien tabel 6). Daar word egter rekening gehou met die vloei van oordragte tussen sektore. 'n Gedeelte van hierdie oordragte tussen sektore is bedoel om eienaars van finansiële bates te vergoed vir die beskikbaarstelling daarvan aan ander institusionele sektore as dié waarbinne die eienaar geklassifiseer is. 'n Gedeelte word oorgedra sonder enige teenprestasie.

#### 4.1.3 Oordragte van inkome uit eiendom tussen institusionele sektore

Die oordrag van inkome uit eiendom spruit voort uit die gebruik van finansiële bates. Dit is nie deel van produksiekoste nie en kan gedefinieer word as die oordrag van inkome as gevolg van die gebruik van finansiële bates deur een deelnemer aan die ekonomiese proses aan 'n ander deelnemer aan die ekonomiese proses.

Al die oordragte van inkome uit eiendom word afsonderlik geraam, behalwe die netto rente en dividendontvangste van huishoudings wat as 'n respos afgelei word.

#### 4.1.4 Lopende oordragte sonder teenprestasie

Lopende oordragte sonder teenprestasie het betrekking op die oordragte van die lopende rekening, uitgesonderd indirekte belastinge en subsidies, en is nie kontraktueel bindend nie of gaan nie met 'n teenprestasie gepaard nie. Dit is belangrik om daarop te let dat oordragte ingevolge lewensversekering en pensioenfondse nie op die inkome- en uitgawerekening aangeteken word nie. In plaas daarvan, word die transaksies as deel van besparing beskou.

**Tabel 8**

**Lopende oordragte sonder teenprestasie, 1990**  
R miljarde

| Institusionele sektor       | Ontvangste | Betalings |
|-----------------------------|------------|-----------|
| <b>Maatskappyrekening</b>   |            |           |
| Direkte belasting .....     | -          | 15,2      |
| Huishoudings .....          | -          | 0,1       |
| Owerheid .....              | -          | 0,2       |
| Buiteland .....             | -          | 0,3       |
| Netto .....                 | -          | 15,8      |
| <b>Algemene owerheid</b>    |            |           |
| Direkte belasting .....     | 38,0       | -         |
| Huishoudings .....          | 0,2        | 6,0       |
| Maatskappyrekening .....    | 0,2        | -         |
| Buiteland .....             | 0,5        | 0,2       |
| Netto .....                 | 32,7       | -         |
| <b>Huishoudingsrekening</b> |            |           |
| Owerheid .....              | 6,0        | 0,2       |
| Maatskappyrekening .....    | 0,1        | -         |
| Buiteland .....             | 0,4        | 0,1       |
| Direkte belasting .....     | -          | 22,8      |
| Netto .....                 | -          | 16,6      |
| Buiteland .....             | 0,3        | 0,9       |
| Netto .....                 | -          | 0,6       |
| Totaal .....                | 33,0       | 33,0      |

#### 4.1.5 Maatskappyrekening

Die maatskappyrekening word saamgestel vir geïnkorporeerde sakeondernemings volgens soort ekonomiese bedrywigheid. Afsonderlike rekeninge word vir private sakeondernemings en openbare korporasies saamgestel. Ramings vir die hoogtemerkjare word normaalweg hoofsaaklik verkry van die Sentrale Statistiekdiens se sensusgegevens vir geïnkorporeerde sakeondernemings. Ramings vir "tussensensusjare" en kwartaallike ramings word op steekproefopnames van die inkomestate van sakeondernemings gebaseer. Finale ramings word met verskeie ander bronne van inligting vergelyk, soos met gegevens van maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is.

#### 4.1.6 Owerheidsrekening

Die inligting wat in die owerheidsrekening vervat word, word uit die stel gegevens met betrekking tot owerheidsfinansies (GFS)<sup>5</sup> verkry. Hierdie gegevens word saamgestel uit inligting wat van verskeie owerheidsinstellings verkry word en uit geouditeerde en gepubliseerde verslae. 'n Afsonderlike rekening word saamgestel vir elke soort owerheidsinstelling, byvoorbeeld:

- Die hoofbegrotingsrekeninge van die Republiek van Suid-Afrika;
- alle buite-begrotingseenhede en -rekeninge, byvoorbeeld die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad en die Raad vir Mineraletegnologie;
- sentrale regerings van onafhanklike en self-regerende nasionale state;
- provinsiale administrasies;
- plaaslike owerhede; en
- streeksdiensterade.

#### 4.1.7 Huishoudingsrekening

Die huishoudingsrekening bestaan uit alle lopende transaksies van huishoudings, nie-winssoekende instellings en nie-geïnkorporeerde sakeondernemings. Die huishoudingsrekening word verder in die sosiale-rekeningematrikse (SRM's) uitgebou. Twee SRM's vir Suid-Afrika vir die jaar 1978 is deur die Sentrale Ekonomiese Adviesdiens (SEAD) saamgestel. Die een konsentreer op die verdeling van inkome binne die huishoudingsektor (die Inkome SRM), en die ander bied 'n ontleding van die streeksverdeling van persoonlike inkome en sekere ander ekonomiese bedrywigheide (die Regionale

SRM). Die Sentrale Statistiekdiens beplan om die volgende SRM's in 1992 te publiseer.

#### 4.2 Die kapitaalfinansieringsrekening

Die kapitaalfinansieringsrekening van die stelsel toon die wyse waarop inwoners kapitaal akkumuleer en die wyse waarop hulle hierdie akkumulasie finansier. Bruto vaste kapitaalvorming en veranderinge in voorrade is die belangrikste maniere van akkumulasie. Bruto binnelandse besparing (dit wil sê, die netto besparing plus die voorsiening vir die waardevermindering van bates) is die grootste binnelandse bron van finansiering. Die ander hoofbron van finansiering is netto lenings vanaf die buiteland.

##### 4.2.1 Bruto binnelandse besparing

Die bruto binnelandse besparing in die nasionale rekeninge is daardie deel van die bruto nasionale beskikbare inkome wat nie as verbruiksbesteding aangewend word nie (kyk tabel 9). Besparing is onaangewende inkome as gevolg van die uitstel van verbruik. Dit word bereken as 'n respos op die inkome- en bestedingsrekening van die binnelandse institusionele sektore, nadat lopende ontvangste en uitgawes in berekening gebring is. Kapitaalwinste en -verliese word by die besparing in die nasionale rekeninge uitgesluit. Die netto binnelandse besparing is daardie gedeelte van die bruto binnelandse besparing wat nie uit die voorsiening vir waardevermindering voortspruit nie.

Die rekening van die maatskappy-, die owerheid-, en die huishoudingsektor word met hul onderskeie besparings gekrediteer. *Maatskappybesparing* is die onaangewende inkome van private en openbare finansiële en nie-finansiële sakeondernemings. *Besparing deur die algemene ower-*

**Tabel 9**

**Nasionale beskikbare inkome en aanwending**  
R miljarde

|   | 1990 |
|---|------|
| Bruto nasionale beskikbare inkome.....          | 259  |
| Min: Verbruiksbesteding:                        |      |
| Privaat .....                                   | 152  |
| Algemene owerheid.....                          | 50   |
| Bruto binnelandse besparing .....               | 57   |
| Min: Voorsiening vir waardevermindering .....   | 43   |
| Netto binnelandse besparing:.....               | 14   |
| Netto maatskappybesparing ...                   | 10   |
| Netto besparing deur die algemene owerheid..... | 2    |
| Persoonlike besparing.....                      | 2    |

<sup>5</sup> Die samestelling van gegevens aangaande die owerheidsfinansies in Suid-Afrika word volledig bespreek in 'n publikasie van die Departement Ekonomie wat onder die titel "South Africa's public sector accounts" verskyn het.

heid is die som van die onaangewende winste van owerheidsakeondernemings en onaangewende belasting- en ander lopende ontvangste wat nie as lopende uitgawes bestee is nie. Besparings deur huishoudings of *persoonlike besparing*, omvat die onaangewende inkome van nie-geïnkorporeerde sakeondernemings en die onaangewende inkome op die huishoudings se inkome- en uitgawerekening sowel as die inkome- en uitgawerekening van nie-winssoekende instellings wat dienste aan huishoudings lewer. Al die inkomste van pensioenfondse word aan huishoudings toegeskryf. Lewensversekeraars verdeel slegs 'n deel van hulle inkomste aan polishouers as 'n vermeerdering van die belange van die polishouers in die reserwes van die versekeringsmaatskappy en dit maak 'n deel uit van die persoonlike besparing.

#### 4.2.2 Voorsiening vir waardevermindering en die kapitaalvoorraad

Die verbruik van vaste kapitaal kan in die algemeen gedefinieer word as daardie deel van bruto produksie wat benodig word vir die vervanging van vaste kapitaal wat gedurende die produksieproses verbruik is. Hierdie vloei is gebaseer op die beginsel van die verwagte ekonomiese leeftyd van die besondere bate en is bedoel om vir die waardeverlies as gevolg van die verwagte veroudering en normale slytasie voorsiening te maak. Onvoorsiene verliese soos in die geval van 'n groot natuurramp of rampe deur die mens veroorsaak (byvoorbeeld oorlog) word as kapitaalverliese eerder as die verbruik van vaste kapitaal beskou. Die koste verbonde aan die vermindering van uitputbare natuurlike hulpbronne word nie by die verbruik van vaste kapitaal ingesluit nie.

Die verbruik van vaste kapitaal word nie in die geval van die bates van die algemene owerheid, soos paaie, damme en ander vorme van nie-bouwerke in berekening gebring nie. In hierdie gevalle word die besteding aan die herstel en instandhouding beskou om voldoende te wees sodat die leeftyd van die bate onbepaald sal voortduur.

Die verbruik van vaste kapitaal neem die koste van vervanging van die bates in die tydperk waarvoor die ramings gemaak word in aanmerking. Sekere aannames word gemaak ten opsigte van die gemiddelde ekonomiese leeftyd van die verskillende bates. Die veronderstelde leeftye wissel van 80 jaar in die geval van bouwerke in die landbousektor, tot 8 jaar vir vervoertoerusting. Op grond van hierdie aannames word die voorsiening vir waardevermindering teen konstante pryse bereken deur van die konvensionele "reguitlynmetode" gebruik te maak. Die "ewigduurende voorraadmetode" word gebruik vir die berekening van die reële vaste kapitaalvoorraad.

Ramings van die waardeverminderingsbedrag

en die kapitaalvoorraad teen konstante pryse word na vervangingswaardes omgeskakel deur die vermenigvuldiging van groothede teen konstante pryse met toepaslike prysindekse.

#### 4.3 Die rekening met die buiteland

Die gekonsolideerde rekening van die land met die buiteland is 'n opsomming van alle transaksies van inwonende deelnemers aan die ekonomiese proses met die res van die wêreld. Vir ontledingsdoeleinde word die lopende en kapitaaltransaksies afsonderlik aangeteken.

#### 5. Slotopmerkings

Die gegewens in die bygaande *statistiese bylae* is die amptelike ramings van Suid-Afrika se nasionale rekeninge. Tesame met die inset-uitsettabelle, die ramings van die regionale bruto binnelandse produk, sosiale-rekeningematrikse en die nasionale finansiële rekeninge verteenwoordig hulle 'n betroubare en omvattende statistiese oorsig van die Suid-Afrikaanse ekonomie en sy ontwikkeling met verloop van tyd.

Die betroubaarheid van enige geraamde statistiese tydreeks is slegs so goed soos die gehalte van die oorspronklike gegewens waarvan dit afgelei is en die geldigheid van die aannames waarop dit berus. Die objektiwiteit, professionalisme en die ondervinding van statistici is ook deurslaggewend vir die gehalte van die berekende tydreeks. Dit geld eweneens vir die nasionale-rekeningeramings. Die samestelling van Suid-Afrika se nasionale rekeninge behels 'n voortdurende ondersoek van die amptelike inligtingsbronne, die ontwikkeling van nuwe inligtingsbronne, die benutting van ontwikkelings op die gebied van elektroniese syferkundige verwerking, die gebruik van die resultate van ekonometrie en teoretiese studies en die deurlopende navolging van voorskrifte en definisies wat in gesaghebbende publikasies en handleidings daargestel word. Om hierdie redes kan met vrymoedigheid daarop aanspraak gemaak word dat die gehalte van die ramings van Suid-Afrika se nasionale rekeninge gunstig met die van enige ander land vergelyk.

# Opsomming van die nasionale inkome- en produksie-rekeninge vir Suid-Afrika <sup>1</sup>

## Bruto binnelandse produk en bestedingsrekening

R miljarde

| Aanbod  |               | 1990         | Finale aanwending                                |        | 1990         |
